Subject: Uitnodiging na Opname van nuwe DVD in Bloemfontein.

Liewe Vriende

(The body of this email is in Afrikaans, due to the nature of the event announced herein.)

Ná feitlik 'n jaar van inligting insamel, Powerpoint-skyfies saamstel, foto's neem en redigeer, sowel as die 2de Groot Trek (ons het einde Februarie van huis en kantoor verwissel), is die projek waarmee ons verlede jaar u hulp gevra het, gereed om **aangebied** en **opgeneem** te word op **DVD**.

Hiermee nooi ons jou hartlik uit na hierdie geleentheid:

Onderwerp: **"Die Vals Priesterdom - Vrymesselary onder SA Kerkleierskap".**
Plek: Gemeente Ware Lewe, Maxleystr. 2, Bloemspruit (**Bloemfontein**).
Datum: **Saterdag, 26 Maart 2011**.
Tyd: Eerste Sessie: 14h00 -17h00.
Tweede Sessie: 19h00 - 22h00.
Medium: Afrikaans.
Bring saam: Sitplekgordel - die inligting gaan jou dalk van jou stoel laat afval (grappie, maar tog half ernstig!).
Liefdegawe om onkostes te dek.
Fondse indien jy: 1. Ons ander materiaal wil aankoop.
2. Bestellings wil plaas vir die nuwe DVD (sodra dit klaar geredigeer is).
Massabestellings teen R10 per kopie (posgeld & verpakking uitgesluit) is moontlik vir jou eie verspreiding.
Hierdie DVD sal geen kopiereg dra nie.

Vir diegene wat nie hierdie geleentheid kan bywoon nie, en hul eie kopie(ë) wil bestel, geld die volgende prysstrukture:
1. Enkelkopieë: R15/kopie + posgeld & verpakking.
2. 25 of meer kopieë: R12/kopie + posgeld & verpakking.
3. 100 of meer kopieë: R10/kopie + posgeld & verpakking.

Posgeld & verpakking in SA:
1. 1 - 5 kopieë: R17.
2. 6 - 50 kopieë: R29.
3. 51 - 100 kopieë: R56.

Hiermee wil ons ook 'n hartlike dankie sê aan al ons intekenaars wat GROOT moeite gedoen het om kerke en plekke te fotografeer en foto's, boeke en ander inligting aan te stuur.
Sê sommer daar waar jy nou hierdie epos lees, vir die Vader dankie vir al hierdie mense, en vra Hom om hulle te seën.
Ons vra in dieselfde asem ook voorbidding vir die opname-geleentheid.

Vir diegene wat nog laat bydraes wil maak - julle is welkom, maar NOU sal jy moet ROER! Doen dit vandag nog! Stuur foto's (nie meer as 5 per epos nie) na trumpetcal@mweb.co.za.
Ons telefoonnommer bly steeds dieselfde.

Prys die Here altyddeur!

Eben Swart